**GEBEDSGIDS MEI 2024**

**Woensdag, 1 Mei - Werkersdag**
Vandag is meeste mense af en dink ons aan almal wat salarisse verdien en dank God dat Hy die Groot Voorsiener is van ons behoeftes en dat ons so gelukkig kan wees om ‘n werk te kan hê.

**Donderdag, 2 Mei - Leraars**
Kom ons begin vandag en dink daaraan om elke dag ons Leraars aan die Here op te dra, dat Hy Sy boodskap wat Hy wil oordra aan die gemeente aan hulle sal openbaar en hulle getrou maak om die boodskap uit te dra soos God dit wil.

**Vrydag, 3 Mei - Radio Feba**
Radio Feba is ongeveer 75 jaar oud en werk in verskeie oorsese lande. Hulle bereik ongeveer 10 miljoen mense wêreldwyd. Bid dat mense deur gebed hierdie mense dra maar ook geldelik bydraes lewer om hul werk verder te laat groei.

**Saterdag, 4 Mei – Mediese Personeel**
Hulle versorg gemeentes se lidmate en hulle familie tydens ernstige krisisse – medies en emosioneel – in die hospitale en in spreekkamers. Bid ook vir die hospitaalleraars asook ons gemeente se leraars om met groot liefde hierdie belangrike bediening te behartig.

**Sondag, 5 Mei – Sinodale bid en dankdag**
Ons deuroffers gaan vir die gemeenteondersteuning en dink ons ook daaraan om dankie te sê dat ons wel ons gemeente kan ondersteun en bid ons ook vir al ons lidmate en lê hulle probleme aan die voete van Jesus neer.

**Maandag, 6 Mei - Beskerming**
In Heb. 13:5 sê die Here dat Hy ons nooit sal verlaat en nooit in die steek sal laat nie. Bid dat ons na Hom toe sal gaan vir skuiling en beskerming en dat ons nie bedreig sal voel nie.

**Dinsdag, 7 Mei – Voorbereiding**
Ons dink vandag aan Jesus wat sy vriende (dissipels) voorberei het vir die tyd wat vir hulle voorgelê het om uit te gaan en dissipels te maak. Bid vandag dat ons saam met hulle, soos in die verlede, ons harte sal voorberei.

**Woensdag, 8 Mei – Heilige Gees se werking**
Kom ons staan vandag en die komende week stil en maak ‘n dankbaarlysie om bewus te raak van die werking van die Heilige Gees en wat Hy vir jou gedoen het.

**Donderdag, 9 Mei – Hemelvaart**
God het die mens so Lief gehad dat Hy sy Enigste Seun vir ons sondes gegee het. Ons dink vandag daaraan dat Hy ook die Heilige Gees vir ons gegee het om elke dag by ons te wees.

**Vrydag, 10 Mei - Bybelgenootskap**
Sondag het ons deurkollekte vir die Bybelgenootskap. Kom ons bid dat mense hul bydrae sal gee vir hierdie saak sodat meer Bybels in verskillende tale geskryf kan word asook genoeg fondse om die Bybels bekostigbaar te hou.

**Saterdag, 11 Mei – Moedersdag**
Môre is Moedersdag en wys ons liefde en waardering vir alle moeders en ook vroue wat ‘n groot rol in ons lewe speel. Lê vroue vandag aan die voete van Jesus neer.

**Sondag, 12 Mei - Pinkster - Vind God in die gewone**
Dank die Here vir die gawe van slaap/rus. Vra God om jou te help om wakker te word met die bewustheid dat Hy reeds aktief in Sy koninkryk is.

**Maandag, 13 Mei - Pinkster - Vind God in die gewone**
Dank God vir dit wat jy het om te eet. Vra die Here om jou bewus te maak van diegene wie dit vir jou moontlik gemaak het om die kos op die tafel te kan hê (van die boer tot die sjef).

**Dinsdag, 14 Mei - Pinkster - Vind God in die gewone**
Dank die Here vir die feit dat ons nie deur aardse behoeftes/begeertes vrede vind nie. Vra die Here om jou bewus te maak van jou ware soeke na God.

**Woensdag, 15 Mei – Pinkster - Vind God in die gewone**
Lê jou seer voor God se voete neer. Dank God vir die feit dat Hy saam met jou treur oor die seer wat hy beleef/al beleef het.

**Donderdag, 16 Mei – Pinkster – Vind God in die gewone**
Vra die Here om jou bewus te maak van oomblikke waar jy intensioneel kan lééf. Dank God dat Hy die dood oorwin het en ons deel maak van die ewige lewe.

**Vrydag, 17 Mei - Polisiemag**
Jesus, ons wil vandag kom intree vir elke polisiebeampte en bid dat U hulle sal beskerm waar hulle elke dag in gevaar hul werk onverskrokke moet verrig en ons landsburgers beskerm.

**Saterdag, 18 Mei - Prostitusie**
Bid asseblief sonder ophou dat die gene wat in hierdie web vasgevang is, bevry sal word en bid dat huisgesinne nie deur hierdie optredes onherstelbaar vernietig nie.

**Sondag, 19 Mei - Pinksterfees**
Vandag hou ons fees dat Jesus opgestaan het vir ons sondes en ook die Heilige Gees gegee het om ons elke dag te help. Vol van die Heilige Gees het die dissipels uitgegaan en ek en jy kan ook vol van die Heilige Gees lewe.

**Maandag, 20 Mei - Onsekerheid**
Wag jy vir ‘n antwoord van God en is onseker? Bid en lê jou probleem aan God voor en wag dan getrou vir Sy antwoord. God het Sy eie tyd, maar wees gerus dat God sal antwoord. 1 Pet. 5:7.

**Dinsdag, 21 Mei - Standvastigheid**
Bid vandag dat ons God se standvastigheid in ‘n wankelrige wêreld sal raaksien en Hom sal dank en eer daarvoor.

**Woensdag, 22 Mei - Eensames**
Kom ons bid vandag aan alle mense wat alleen is en iemand aan die dood afgestaan het. Ons bid dat hulle God se teenwoordigheid en liefde sal aanvoel deur die optrede van ons ander lidmate.

**Donderdag, 23 Mei - Gesondheid**
God is ons Geneser. Sy helende Hand salf ons wonde, dra ons laste en droog ons trane af. Bid vir goeie gesondheid uit God se wonderwerkende Hand en glo en dank Hom vir Sy genesing onbeperk.

**Vrydag, 24 Mei - Geloof**
Bid sonder ophou vir onwankelbare geloof in Jesus en dat die ongelowiges tot Jesus gelei sal word en sal glo dat Hy ons enigste Redder is.

**Saterdag, 25 Mei – Roeping**
Sal jy vandag jou drome net so los en Jesus volg? Bid vandag dat jy jou roeping van Jesus ontvang, sal uitleef en jou drome sal los vir Jesus se groot droom en roeping vir jou lewe.

**Sondag, 26 Mei – Buitelandse sending**
Ons sinodale offer vandag is vir Buitelandse sending en ons dra vandag ons sendelinge buite ons grense aan die Here op vir leiding, versorging en ook vir die gemeente se geldelike bydrae asook deurlopende gebede.

**Maandag, 27 Mei – Politieke partye**
"Here, ons wil die regering van die dag en al die politieke partye wat nou staan in die verkiesing aan U opdra vir die naderende verkiesing en dat alles rustig en kalm sal verloop".

**Dinsdag, 28 Mei – Plaaslike Sending**
Kom ons vou ons hande saam en dra al ons sendelinge aan die Here op. Ons vra dat Jesus hulle sal lei maar ook versorgers sal stuur sodat hulle nie moed verloor nie, maar die roeping moedig sal voortleef en die Woord van God versprei aan die ongelowiges.

**Woensdag, 29 Mei - Prys God**
Sing ‘n nuwe lied vir God vir al sy seëninge en dank Hom spesiaal vir ‘n wêreld so mooi waarin ons mildelik uit Sy Hand ontvang.

**Donderdag, 30 Mei - Skoliere**
Kom ons raak stil en tree in vir al ons skoliere dat hulle hul kant sal bring en sal besef dat hulle nie leer vir hulself nie, maar om God se Naam te verheerlik en dat hulle ook God dank vir hul breinkrag waarmee Hy hulle geseën het.

**Vrydag, 31 Mei - Gevangenes**
Mag ons vandag bid vir alle gevangenes dat hulle deur die sendingwerk van ons gemeentelede ook die Gees van God sal aanvaar en God sal leer ken en Hom sal aanvaar as Hul Heer en Meester.